HOF: Antwoord nou net die vraag. Die vraag is wie van die "acting board" was daar? -- Ek was daar. (20)

Is dit al? -- Sipho.

Ja? -- En anders.

Moenie laat ek tandé trek nie. Gee my die lysie. -- Sipho, Sowika Zweni, Thapelo Nkayi, dit is myself, Lindelwa Mjongile, Vusimuzi Msweli was ook teenwoordig maar hy was nie 'n lid van die "acting board" nie. Hy was net daar teenwoordig gewees.

MNR JACOBS: Martin Tiso? -- Wie?

Martin Tiso? -- Martin Tiso was daar gewees maar hy was nie by ons skool gewees nie. (30)

Was / ..

Was hy nie lid van die "acting board" ook nie? -- Nee, hy was nie by ons skool gewees nie.

Nou laat ons net bietjie duidelikheid kry. Hoe het dit dan gekom dat julle kennis gekry het om na hierdie kongres of na hierdie vergadering van COSAS se streek te gaan? -- Martin Tiso loop skool in King William's Town. Hy was by die huis gewees toe hy ons gevra het van organisasies wat daar bestaan het op ons COSAS hek. Ons sê vir hom ons het nie COSAS nie maar ons het die "acting board". Hy sê toe vir ons van hierdie COSAS en sê toe vir ons dat daar so 'n vergadering gehou(10 gaan word. Dit is die streek van COSAS en as ons belangstel om te weet waaroor gaan dit, wat COSAS is en wat sy doelstelings is kan ons hierdie vergadering bywoon. Dit is omdat ons belang gehad het om te weet waaroor dit gaan dat ons die vergadering bygewoon het.

Goed, ons gaan bietjie verder. Julle het nou geweet daar gaan so 'n vergadering wees maar hoe het julle geweet wat is al die reëlings, hoe lank dit gaan wees, waar dit gaan wees? -- Hy het gesê hy is op pad soontoe, hy gaan die vergadering bywoon. Ons het toe besluit dat ons ons eie vervoer sal (20 moet organiseer om mee te ry met die oog om die vergadering by te woon.

Het julle gereël om vir twee dae daar te gaan bly? -- Nee, ons het nie bedoel om so lank daar te bly nie.

Julle kon uitgevind het alles wat julle wou weet binne 'n halfuur, is dit reg? -- Ons het net navrae gedoen by die tye wat hulle vry was om met ons te praat.

Ja, maar julle kon dan binne die eerste dag teruggekeer het is dit reg? -- Hy het gesê die vergadering gaan gehou word te Grahamstad en wat ons daar kom kry ons dat die (30 vergadering/...

vergadering nie daar gehou word nie, maar by hierdie plek.

Ons moes dus toe na Cutback toe gaan.

HOF: Is dit Cutback of Katberg? -- Katberg.

MNR JACOBS: Jy sien dit is vir my eienaardig dat jy die dinge vir die hof sê maar julle ry dan met die gemeenskaplike bussie met al die mense van die ander takke. Hoe verduidelik jy dit?

-- Nee, oorspronklik toe ons soontoe gehad het, het ons ons eie vervoer gehad, dit was 'n voertuig gewees. Dié het ons daar gelaat en teruggekeer na Adelaide toe. Dit was om daardie rede dan dat ons nou met hierdie bussie teruggekom (10

K1429

het.

Kan jy vir ons sê toe hierdie komitee, "acting board" dink ek noem jy dit by julle skool gekies was, was dit net 'n los groep as 'n "board" gekies, daar was nie 'n voorsitter, sekretaris, tesourier en daardie soort goed gekies op hierdie "acting board" nie? -- Daar was 'n voorsitter gewees, daar was 'n sekretaris gewees, daar was eintlik posisies aan mense gegee.

HOF: Tesourier? -- Daar was een.

MNR JACOBS: Wie was die tesourier? -- Siphokazi Mathikica (20
kica

HOF: Spel albei, asseblief. -- Siphokazi Mathikica (spel
beide)

MNR JACOBS: Wie was die voorsitter? -- Mngineni was die voorsitter van die "acting board".

HOF: Dit is nou July? -- Ja.

MNR JACOBS: Het julle 'n vise-voorsitter gehad? -- Ja.

Wie was hy? -- Sipho Camago.

Het julle 'n sekretaris gehad? -- Ja.

Wie was hy? -- Soyika Zweni (spel name).

(30

Het / ..

Het julle 'n publisiteitsekretaris gehad? -- Nee, ons het nie ene gehad nie.

Het julle 'n organiseerder gehad? -- Nee, ons het nie ene gehad nie.

Toe julle nou by hierdie byeenkoms in Katberg gekom het moes julle almal geregistreer het, is dit reg? -- Ja, dit is so.

En julle het daar geregistreer? -- Ja, ons het geregistreer.

Hoe het julle geregistreer, as waarnemers of het julle(10) geregistreer as 'n tak? -- Ons het net ons name daar laat opskryf.

Sien want ek wil dit aan jou stel julle het daar geregistreer as 'n tak. -- Nee, ons het nie geregistreer as 'n tak nie. Ons was nie 'n tak nie.

En julle het julle titels agter julle name soos julle geregistreer het. -- Ja, mense het daar geskryf wat die titels was by die "acting board", nie by COSAS nie.

Het julle opgeskryf titels van "acting board", agter julle name? Jy sien ek wil nou vir jou toon - wat ek voor (20) jou plaas is die register waarop julle geregistreer het daarso. Die opskrif is "COSAS Eastern Cape Regional Council", 17 tot 19 Junie 1985. Edele miskien kan ek sommer op hierdie stadium - ek gaan dié een ook ophandig - is CA.44.

HOF: Wel, u sal hom eers moet laat erken kry.

MNR JACOBS: In daardie register verskyn julle name op bladsy 2 is dit reg? Daar op die tweede bladsy, die vierde name van bo af, van daar af begin ons met Adelaide en jou naam staan ook daarso as die agtste naam van bo af. -- Ja.

So dit is die register wat julle daar ingeskryf het nè(30

Ja / ..

-- Ja, dit is die register maar ek was nie tesourier gewees nie.

Nee, wag 'n bietjie, ons sal daarby kom.

HOF: Ja, die BEWYSSTUK gaan in as CA.44.

MNR JACOBS: So die volgende, die name wat ek alreeds vanoggend vir jou hier gestel het en wat jy gesê het wat in jou skool is en ook in die ander skole daar in Adelaide, dié verskyn hierso: Vusumuzi Msweli van Adelaide, hy word hierso gewys as die vise-voorsitter. -- Ja, hy was daar.

Ja. Julle "action board" het mos nie 'n vise-voorsitter gehad nie, het hy? -- Hy het gehad. (10)

Maar dit was nie Vusumuzi gewees nie, is dit reg? -- Ja, dit was nie hy nie.

En Martin Tiso was van Adelaide die publisiteitsekretaris.

-- Nee, hy was nie. Martin Tiso was daar om sy plek te gaan verteenwoordig.

Jy sien hy het Adelaide daar verteenwoordig, Adelaide se tak, "branch" van Adelaide as publisiteitsekretaris van die tak van COSAS op Adelaide. -- Nee, hy het ons nie kom verteenwoordig daar nie. Hy was soontoe gewees omdat hy (20) van King William's Town af gekom het en eintlik op pad was na hierdie vergadering.

Die volgende ene is Soyika Zweni. Hy was daar as die sekretaris van..

HOF: Soyika Zweni.

MNR JACOBS: Zweni, as die sekretaris van Adelaide tak van COSAS. -- Hy was die sekretaris gewees van die "acting board" nie COSAS nie.

En Lindelwa Mjongile, hy was daar as die "organiser".

-- Lindelwa was daar gewees maar Lindelwa was nie die (30) organiseerder/..

organiseerder nie.

Maar ek verstaan dan nie. Hy word dan hier gewys as die organiseerder? -- Ek weet nie.

Julle het mos nie 'n organiseerder in die "acting board" gehad nie? -- Dit is wat my ook verbaas om te sien dat hy 'n organiseerder was.

En dan uself word - hier het u uself voorgedoen as die tesourier? -- Ek het net my naam daar opgeskryf, nie dat ek 'n tesourier was nie.

Maar die mense mos tog die inligting by jou gekry het? (10
-- Nee, ek het net my naam opgeskryf.

En Sipho word hierso aangegee as die voorsitter? -- Hy was die vise-voorsitter van die "acting board".

Jy sien meneer, jy vertel die hof 'n klomp leuens. Daar het al die tyd 'n tak van COSAS bestaan daar in Adelaide. -- Daar was nie 'n COSAS tak gewees in Adelaide nie.

En julle het geweet van hierdie vergadering omdat julle as 'n tak daarnatoe gegaan het om julle tak te gaan verteenwoordig, daarom was julle daar. -- Daar is nie so-iets nie. Ons het soontoe gegaan nie as COSAS nie, daar was geen (20 COSAS tak gewees daar by ons nie.

Sal jy saamstem dit was nie 'n ope vergadering vir al die mense nie, dit was vir verteenwoordigers van takke wat daar was. -- Ek sal nie want ons het ook soontoe gegaan, ons was aanvaar om daar in te kom; ons was nie 'n tak gewees nie.

En is dit nie reg dat daar is ook voor hierdie konferensie aan julle dokumente gestuur vir bestudering en vir bespreking op hierdie vergadering of byeenkoms van die Oos-Kaap streek van COSAS? -- Nee, daar is nie so-iets nie.

En julle was ook dokumente gegee om te wys waaroor gaan (30

COSAS / ..

COSAS op daardie vergadering? -- Ja, ons het dit gekry om uit te vind waарoor gaan COSAS.

En hierdie dokument wat nou voor die hof is, is een van die dokumente wat ek vir jou wil gee - identifiseer dit - wat daar aan julle verskaf is vir behandeling onder andere op hierdie vergadering. -- Ja.

Goed, ek wil die dokument inhandig as BEWYSSTUK CA.45.

HOF: CA.45.

MNR JACOBS: Net om te identifiseer vir doeleindes van die oorkonde, dit is 'n skrywe deur Themba Mangqase, die vol- (10 tydse organiseer van COSAS en dit is op 'n COSAS briefhoof waarop ingetik is: "Eastern Cape Regional Executive Committee", greetings from the REC. Nou in hierdie dokument as 'n mens kyk bietjie na die tweede paragraaf. Ek sal vir jou lees:

"They have now banned all meetings until 31 March 1986. This is we see as another attempt by this government to cross the student movement and in fact they are banning our organisation COSAS. Our united efforts must not at all be stopped by these cowardly actions aimed at (20 destroying our organisation. We must at this time organise, mobilise our people and fight back. Let us harass the enemy in all corners and let us use whatever means available to us. We call upon you to intensify our struggle against the enemy and those who collaborate with it."

Kan u vir ons sê wat was die besprekings rondom hierdie paragraaf? Hoe moes die mense ge"mobilise" en ge"organise" word om terug te veg? -- Daar was niks spesifiek aan ons genoem wat gedoen moet word om dit te doen nie. Ons het nie (30 daarvan / ..

daarvan geweet nie en dus was ons nie gesê wat word verwag wat moet gedoen word nie.

Maar dit was mos bespreek op daardie vergadering? -- Ek onthou nie meer nie. Ons was net die dokumente gegee maar ek kan nie onthou dat dit bespreek was nie.

Goed, kom ons kyk die volgende paragraaf:

"To those areas who have decided to go back to classes this year COSAS calls upon you to force and elect SRC structures in your schools. Let us not wait for them to grant us SRCs. Let us all unite in our schools and (10) become uncontrollable and ungovernable. Let us call meetings in our schools to show this government that we shall not obey the order on us. Forward with the democratic SRCs. United action for democratic education."

Wat is bespreek oor hierdie ding, hoe moet julle julle onregeerbaar maak? -- Niks was aan ons gesê nie.

Ja, maar dit is mos bespreek daar? Dit is mos, julle het die dokumente mos gekry dat dit bespreek word op hierdie kongres? -- Nee, ons het hierdie papier gekry terwyl ons by die kongres was maar daar was nie aan ons gesê dat ons die (20) inhoud hiervan moet uitvoer nie.

Hoekom is jy so angstig om dit vir die hof te sê. Ek vra nie vir jou of julle dit moes uitvoer nie, ek vra wat is bespreek daaroor? -- O, ek het miskien verstaan dat u dit bedoel het.

HOF: Maar kom ons wees nou prakties. Een van die baie belangrike dinge wat gebeur het in daardie tyd is blykbaar 'n verbod op alle vergaderings tot 31 Maart 1986 en daardie verbod sou COSAS ook ernstig tref. Nou het daardie COSAS mense dit nie bespreek nie? -- Nee. (30)

MNR / ..

MNR JACOBS: Is dit daar bespreek dat daar 'n moontlikheid bestaan dat COSAS verban sou word? -- Nee.

Kan jy vir ons enige iets sê wat daar bespreek is wat jy kan onthou? -- Ja.

Kom ek miskien net dit vir jou korter maak. Kan jy onthou dat die "Education Charter Campaign", dat dit daar bespreek was op hierdie vergadering? -- Nee, ek onthou nie.

Kan jy niks onthou van die "Education Charter Campaign" nie? -- Nee.

Sien want as ek dit nie mis het nie kom dit voor op (10 hierdie program van hulle.

HOF: Ek wonder of u reg is, mnr Jacobs?

MNR JACOBS: Ja, ek sien ek het net "Crisis in Education". Was daar nie 'n besluit geneem op daardie ding wat al die takke van COSAS moet die "Education Charter Campaign" loods nie en dat hulle moet - en dat die besluit geneem was dat ouers en leerlinge moet saamwerk en dat studente of leerlinge moet teruggaan en ander studente en ouers en die gemeenskappe waar hulle is moet hulle politiseer rondom hierdie kampanje. -- Nee, daar is nie so-iets nie. (20)

Het hulle nie daaroor gepraat en die besluit was gewees dat dit moes gekoppel word aan die internasionale jeugjaar nie? -- Nee.

Het hulle die internasionale jeugjaar bespreek daarso? -- Ek het dit nie gehoor daar nie.

Kan u onthou dat hulle die rol van vroue in die stryd, die vryheidstryd bespreek het? -- Nee, ek onthou nie dat so-iets gesê was nie.

Het hulle enigiets van 'n stryd gepraat? -- Ek het niks gehoor daarvan nie. (30)

Het / ..

Het hulle enige iets van 'n krisis in onderwys gepraat en die staat se raksie daarop? -- Nee, daar was nie.

Jy sien die laastes wat ek vir jou genoem het, die rol van die vroue in die stryd, die internasionale jeugjaar, krisis in onderwys, dit was duidelik bespreek op daardie byeenkoms volgens hierdie program.-- Ek het dit nie gehoor nie.

En is dit nie so dat hierdie krisis in onderwys en die staat se reaksie, is juis daar waar hulle die kwessie bespreek het dat die staat moontlik vir COSAS sal verband nie en dat die vergaderings, openbare vergaderings verband word en dat(10 dit die reaksie is van die staat nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Jy sê vir die hof jy het niks van daardie goed gehoor nie, terwyl jy twee dae lank op 'n intensieve vergadering was waar dinge intensief bespreek was, maar jy kan ander dinge onthou by ander vergaderings wat nog voor daardie tyd gehou was, daar onthou jy in detail. Hoe is dit moontlik? -- Ek onthou nie.

Ja, lyk my jy kan niks onthou wat op hierdie twee dae van intensieve vergadering van COSAS bespreek is nie? -- (20 Nee, dit was net vir 'n dag gewees.

En jy kan nie eers daardie een dag s'n onthou nie? -- Wat ek wel kan onthou is dat die takke wat daar teenwoordig was, was gesê dat hulle geld moet bring want daar gaan nog 'n nasionale konferensie gehou word in die toekoms. Die stellings wat u aan my stel wat daar plaasgevind het kan ek nie onthou nie.

Jy sien en die vergadering het ook nie net op een dag plaasgevind nie, hy het op meer as een dag plaasgevind. -- Nee, dit was net vir een dag gewees want die eerste dag wat(30

ons / ..

ons daar opgedaan het was dit te laat gewees. Daar was nie 'n vergadering gehou nie, ons het gaan slaap en die vergadering is eers op die tweede dag gehou.

Maar dit het geduur tot die 19de. Hy sou begin het die 17de tot die 19de. -- Nee, ons het net daar geslaap, die vergadering gehou vir die een dag. Ons is toe klaar en weg.

HOF: Het julle gebly tot die afsluiting? -- Ja.

MNR JACOBS: Jy sien ek wil dit aan jou stel toe die prinsipaal van hierdie skool gesê het goed, julle kan SRCs kry, dit was tog julle hoofklagte dat julle wou SRCs hê, is dit nie? -- (10) Ja.

Goed, toe hulle nou gesê het julle kan SRCs kry en die ander sal aan voldoen word was daar nie meer 'n rede vir julle gewees om te boikot nie? -- Daar was.

Wat? -- Die klagtes wat ons oor gesê het dat ons gaan wag tot hulle aandag geniet byvoorbeeld die boeke, die gebreekte vensterruite wat ons oor sou gewag het tot hulle reg-gestel was dan sal ons weer aangaan met onderwys.

Jy sien, maar dit was nie 'n rede om voor te wag nie want die belofte is gemaak: goed, ons sal sien dat daardie(20 dinge gedoen word.-- Nee, maar hulle sê nie hulle gaan dit doen nie, hulle sê hulle sal sien. Nou ja, om hulle 'n bietjie vinniger te laat maak het ons besluit om nie voort te gaan met onderwys nie.

So die inspekteur het nie vir julle gesê dat daardie sekere klagtes oor die skool se herstelwerk en die teksboeke dat hulle gaan wel dit vir julle verskaf nie? -- Ons het dit verstaan toe hy gesê het wat die skool betref om die verbeterings aan te bring sal lank neem. Goed, ons het dit so aanvaar, maar die vervanging van die vensterruite en die (30 boeke / ..

boeke wat verskaf moet word dit het ons gesê ons wag liewerste sonder om aan te gaan met lesings tot julle dit doen.

Was julle nie geïnteresseerd daarin dat julle nou agterraak met julle klasse nie, dat julle nie eksamen sal kan skryf nie en daardie tipe dinge nie?

HOF: Is u nou besig met 'n vaderlike onderhoud met die getuie?

MNR JACOBS: Nee, edele.

HOF: Nou probeer hom klaarmaak voor ete, asseblief.

MNR JACOBS: Dan die persoon wat julle geëis het moet vryge-
laat word, hy was aangehou vir dagga nè? -- Ons sal nie (10
weet nie.

Was hy nie gevonnis vir besit van dagga daardie dag van
die 11de nie? -- Ekskuus?

Die dag van 11 April 1985. -- Ons het dit eers van hom
gehoor na hy vrygelaat was.

Hoekom het julle dan die eis gestel dat hy vrygelaat
moet word as julle nie eens geweet het watter misdryf het hy
gepleeg nie? -- Nee, dit is omdat hy met die "action board"
betrokke was, 'n lid daarvan was. Ons het gedink dat hy
miskien gearresteer was omdat hy in daardie "action board" (20
gedien het.

As hy gearresteer was vir daardie doel dan moet daar nou
geboikot word by die skole? -- Nee.

Sien ek wil dit aan jou stel dat julle het ook georganiseer vir die volgende dag se optog.

HOF: Wat is nou die volgende dag?

MNR JACOBS: 11 April 1985.

HOF: Georganiseer 'n optog op 11 of op 10 April?

MNR JACOBS: Vir die 11de. Ek dink die optog was die 11de.

HOF: Vir die 11de?

(30)

MNR/..

MNR JACOBS: Ja. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

En julle het by die biersaal bymekaar gekom daardie 11de April 1985. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

En toe het julle in die strate geloop en julle het vryheidsliedere gesing, is dit reg? -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Het julle glad nie gesing nie? -- Daar was singery gewees.

Maar dit was mos vryheidsliedere wat gesing is? -- Hulle het gesing: "Babuyi O Mandela", dit is al.

Julle loop daar die strate vol en julle sing net van (10 Mandela al die tyd? -- Soos ek alreeds gesê het in my getuenis dat dit laat was toe ek by hulle aangesluit het, eintlik dit was nag. Met my aankoms by hulle wat ek aansluit is hulle besig om van Mandela te sing.

Jy sê dit was nag so dit was pikdonker gewees? -- Nee, nie pikdonker nie maar na skemer.

Was dit donker gewees? -- Dit was in die winter of die begin van die nag. Daar is geen straatligte daar nie. Na skemer, donker maar nie pikdonker nie, jy kon 'n mens nog gesien het. (20

Het julle by Mantewu se huis verbygegaan of uitgekom?
-- Ja.

Wat het daar gebeur? -- Niks het gebeur, hulle het net daar verbygestap.

Het julle nie daar gestaan en gesing nie? -- Ons het nie gestaan nie.

Toe julle by Mantewu se huis verbygegaan het..

HOF: Is dit Mantewa of Mantewu?

MNR JACOBS: Mantewu. Toe julle by sy huis verbygegaan het, het julle gesing? -- Ja, daar was gesing gewees. (30

Nou / ..

Nou het die mense nie daar gaan staan nie? -- Nee, hulle het nie gestaan nie hulle het geloop en sing.

Het jy agtergekom toe julle by Mantewu se huis verbygaan of by hom uitkom? -- Ja.

Wat het jou aandag op sy huis gevestig? -- Soos ons daar stap in die straat ons is verby die eerste blok en dan die volgende ene is Mantewu se huis. Dit is hoe ons daar verby gestap het.

ASSESSOR: Terwyl jy praat van 'n blok, hoeveel huise is 'n blok? -- 'n Blok is 'n huis waar twee gesinne bly. (10)

Skakelhuise? -- Skakelhuise met twee deure.

MNR JACOBS: Maar julle het nou by baie huise verbygeloop maar wat het nou spesifiek gemaak dat jy nou so kennis daarvan geneem het julle loop verby Mantewu se huis nou? -- Die huis, die pad wat ons gebruik verby Mantewu se huis.

Het daar lig gebrand in sy huis? -- Ek het nie opgelet nie want ek het aan die regterkant van die pad gestap.

Jy sien want die getuenis in die hof was nie betwisselbaar nie want die prosessie daar tot stilstand gekom het nie en dit is selfs nie eens deur die verdediging ontken nie, (20) hulle het dit erken. -- Daar is nie so-iets nie.

Sien toe julle daar by Mantewu se huis gekom het, het julle slagspreuke geskreeu: "Viva Tambo, Viva UDF, Viva ANC, Viva Mandela". -- Daar is nie so-iets nie.

Het die mense ooit slagspreuke geskreeu daardie dag? -- Nee.

Verder is daar geskreeu deur 'n leier in die groep: "Botha", dan skreeu die gehoor: "Voetsek", aanhoudend. -- Daar is nie so-iets nie.

En hulle het ook daarso geskreeu Mantewu moet uitkom (30) hulle / ..

hulle wil hom doodmaak. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Mense het net daar verbygestap en gesing.

En toe is daar klippe gegooi? -- Nee.

En by Springbok se huis aangekom, het hierdie selfde ding gebeur, dat daar is slagspreuke geskreeu en daar was gesing gewees. -- Nee, daar was geen slagspreuke gewees nie.

En daar is gesing van Tambo en Tambo moet terugkom om hulle te bevry. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

En ook geskreeu dat hierdie polisiemanne, hulle is Botha se honde en hulle moet kom. -- Nee. (10)

Daar is geskreeu ook deur 'n voorskreeuer: Tambo en dan skreeu die ander mense wat in hierdie optog is "Viva!". -- Nee, daar is nie so-iets nie.

En toe het hulle begin klippe gooie. -- Daar was geen klippe gegooi daar nie.

Jy sê daar was geen klippe gegooi nie, het jy nie eers gehoor dat daar klippe gegooi word nie? -- Nee.

Nie eers na daar die eerste keer geskiet was nie? -- Nee.

Jy weet toe die polisievoertuig lateraan daar opgedaag (20) het toe was daar nog altyd mense wat klippe gegooi het daar. -- Ek weet nie want ek het weggehardloop, of daar nog klippe gegooi was toe die polisie daar opgedaag het nie.

Jy weet, ek wil dit aan jou stel dat jy vertel vir die hof leuens dat daar sommer so geskiet was op mense wat onskuldig verbygestap het. -- Dit is nie leuens nie.

Daar moes tog 'n rede gewees het om te skiet op mense? -- Ek weet self nie hoekom hy geskiet het nie.

Sien daar is van die mense wat getref is, en 'n bloedspoor is al gevind op die perseel van Springbok. -- Ek weet nie (30) daarvan / ..

daarvan nie, ek weet van die mense wat in die straat was.

Jy sien ek wil dit aan jou stel, meneer dat jy vertel nie vir die hof die waarheid nie, dat COSAS en hierdie ander liggaam AYCO, Adelaide Youth Congress, het bestaan en georganiseer in Adelaide. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

En julle het die mense daar opgesweep teen die polisie, teen die skole en die onderwysstelsel. -- Nee.

En dat julle hierdie aanvalle geloods het op die polisie-manne se huis daar. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Die persoon Botha, ken jy hom - ek sal nou sy naam (10 kry, edele.

HOF: Joseph.

MNR JACOBS: Joseph Botha. -- Ja, ek ken hom.

Het hy saam met jou gedien op die Adelaide Youth Congress? -- Ja.

Wat was hy daarop? -- Hy was die president.

So hy was 'n vername man in die organisasie van die jeug daarso in Adelaide? -- Nee.

Het julle vergaderings gehou in Adelaide, openbare vergaderings? -- Ja, daar is 'n openbare vergadering wat ek (20 bygewoon het. Dit is waar AYCO gekies was.

En daarna? -- Daar was wel vergaderings gewees, ja.

Openbare vergaderings? -- Ja, openbare vergaderings ver-naam die jeugdiges.

En die doel van hierdie vergaderings was om die mense te mobiliseer en te organiseer en te vertel hoe sleg is die regering en die regeringsinstansies? -- Nee.

Is dit so dat julle het ook met die stigting van hierdie organisasie het julle 'n spreker genooi vanaf Cradock om julle te kom toespreek, om julle te vertel wat 'n jeugorganisasie (30

is / ..

is? -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Is dit nie so dat mnr Mathew Goniwe het julle daar kom toespreek nie? -- Nee.

Het julle geaffiliéer by UDF? -- Nee.

Het hierdie jeugorganisasie nooit geaffiliéer nie? -- Nee.

Jy sien want ek wil dit ook aan jou stel dat die "Youth Organisation" die jeugorganisasie "youth organisation" van Adelaide was gestig voor Meimaand...

HOF: Wat is dit nou, mnr Jacobs - kry die ding se naam. (10

MNR JACOBS: Congress, Youth Congress. -- Nee, daar was nie so-iets nie.

Het julle 'n organisasie gehad in die "Youth Congress"? -- Ja, daar was.

Wie was dit gewees? -- Ek was een van julle.

So julle het meer as een organiseerder gehad? -- Ja.

En was die doel gewees dat julle moet organiseer onder die mense dat hulle moes aansluit by die "Youth Congress".

-- Ons het nie die mense georganiseer dat hulle moet kom aansluit nie. (20

Nou wat doen 'n organiseerder dan? Waarvoor het julle dan meer as een organiseerder gekies? -- Daar is verskillende areas. Daar was 'n organiseerder vir elke area. Byvoorbeeld as daar 'n vergadering gehou word dan moet daardie persoon organiseer deur die mense daar te laat weet van die vergadering wat gehou moet word.

Was Thembile Jantjie ook deel van die bestuur van Adelaide Youth Congress? -- Thembile of Sethembile?

Thembile. -- Ja.

En kan jy onthou dat op 27 April 1985 het julle as (30

lede / ..

lede van die "Youth Congress" na Cradock gegaan en daar die begrafnis van 'n sekere mnr Boss bygewoon het? -- Nee, hier-die organisasie het nie in Aprilmaand bestaan nie, daar is nie so-iets nie.

Ek stel dit aan jou dat hy het bestaan daardie tyd, julle het die begrafnis bygewoon en julle het met julle baniere soontoe gegaan en Thembekile was op daardie stadium die sekretaris van julle organisasie. -- Daar is nie so-iets nie.

En al hierdie aktiwiteite en die klipgooiery is wat julle georganiseer het, COSAS en die jeugkongres gesamentlik om die mense te kry om deel te neem aan die vryheidstryd en as deel van die vryheidstryd. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

RE-EXAMINATION BY MR YACOOB: No further questions.

NO FURTHER QUESTIONS

COURT: What do you have in mind for us for Monday?

MR YACOOB: I thought I would give your lordship a stimula-ting reading list for the week-end. It is Alexandra and then Soweto.

COURT: Yes, thank you.

(20

THE COURT ADJOURNS UNTIL 13 JUNE 1988